Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ŉ streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.

6. Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

8. Aanvaar dialektiese variasies.

9. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

10. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

12. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

13. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

14. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 16 jaar (1)

1.1.2 Saul het geweet dat MacDonald oneerlik is.
Saul het geweet sy pa gaan daarteen gekant wees.
Die dorp was vir Saul 'n vreemde plek.
Saul het nie van MacDonald gehou nie.
(*Enige DRIE of soorgelyk*) (3)

1.1.3 Saul was moeg van swaarkry.
Saul en sy pa/familie het nie meer oor die weg gekom nie.
(*Of soortgelyk*) (2)

1.1.4 Volgens Joram werk die houtkappers vir hulleself terwyl Saul dit as 'n geleentheid gesien het om uit die skewe sirkel te kom. (1)

**EN**

Joram was tradisievas ten koste van hul eie vooruitgang terwyl Saul saam met die tye gegroei het tot voordeel van sy posisie. (1)

(*Of soortgelyk*) (*ALTWEE kante moet genoem word vir EEN punt*)

1.2 Ek sou ook uit respek na my pa geluister het en die boom afgekap het.

**OF**

Ek sou geweier het ter wille van natuurbewaring.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*.) (1)

1.3 1.3.1 Saul het sy pa gekonfronteer oor die bloubokkie se gal wat toe nie in sy kop gesit het nie.
Saul het sy pa gekonfronteer oor die verwoesting van die Bos.
Saul het sy pa gekonfronteer oor die verkoop van olifanttande deur die bosmense.
Saul het aan sy pa voorgestel dat die Bosmense ook goud moes delf vir 'n beter lewe.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

1.3.2 Joram was in tradisie vasgevang.

**OF**

Joram ken geen ander lewe nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

1.3.3 Joram het hom weggejaag. (1)

1.4 Saul het die besigheidswêreld leer ken.
Saul het leer Engels praat.
Saul het vir Kate (sy liefde) ontmoet.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

1.5 MacDonald het Saul in die skuur laat slaap.
MacDonald het by Saul geld afgetrek toe Saul na die see kyk terwyl hy gewerk het.
MacDonald het Saul se salaris gebruik om sy pa se skuld af te betaal.
MacDonald was skelm en sy werkers het daarvan geweet/dit gesien.
(*Enige TWEE feite of soortgelyk*) (2)

1.6 plat (1)

1.7 1.7.1 MacDonald het geweier om hout by Saul se familie te koop so lank as Saul in Knysna bly.
(*Of soortgelyk*) (1)

1.7.2 nie meer skrikkerig vir MacDonald nie. (1)

1.7.3 Hy was nie meer bang om MacDonald te konfronteer nie.
Saul kon nou ook met Macdonald oor pryse onderhandel.
Saul was nie meer onderdanig aan MacDonald nie.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

1.8 Kate het nou in die Kaap onderwys.
Die bos en die olifante word uitgeroei.
Die bosmense verkoop ook nou olifanttande.
Saul se aanbod om goud te delf is van die hand gewys.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

1.9 1.9.1 Saul het MacDonald se aanbod om die Spookdorp te koop van die hand gewys. (1)

1.9.2 MacDonald het enige een gedreig wat grond aan Saul wou verkoop het. (1)

1.9.3 Kate verkoop ŉ hoekerf aan Saul./Kate het Thompson se hoekerf vir Saul gekoop. (1)

1.10 1.10.1 mensbroer (1)

1.10.2 krisis (1)

1.10.3 vernietiging/uitwissing (1)

1.10.4 skiet (1)

1.11 1.11.1 C / die Bos (1)

1.11.2 A / die dorp (1)

Kopiereg voorbehou 

1.11.3 B / Groot Eiland (1)

1.11.4 E / die see (1)
**[35]**

## VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

2.1 2.1.1 Mana se plan was om die hele gesin op haar wittebroodvakansie saam te neem.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.1.2 Die hele gesin moes saamgaan.
Mana was alreeds hoogswanger.
Dit gaan op ʼn verlate berg in ʼn afgesonderde huis wees.
(*Of soortgelyk*) (3)

2.1.3 Mana wou hê die gesin moes mekaar beter leer ken.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.2 Moedeloosheid (*Of soortgelyk*) (1)

2.3 2.3.1 Mana en Beyers het elkeen hul eie kinders by die huwelik ingebring.
Mana was hoogswanger met hul eie baba.
Die gesin se andersheid kan ook beskryf word.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.3.2 Hanna het ʼn lae selfbeeld gehad.
Hanna het telkens na ʼn fantasiewêreld ontsnap.
Hanna het ʼn alter ego gehad.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

2.3.3 Mana self was ʼn eksentrieke mens.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.4 2.4.1 Sharon was gewoond aan weelde.
Sharon se familie was nie só gekompliseerd soos Hanna sʼn nie.
(*Of soortgelyk*) (2)

2.4.2 Sharon het die andersheid van Hanna se familie geniet./ Die vakansie geniet.
Sharon het Hanna verseker dat sy die gebrek aan weelde aanvaar, want haar ouma was ʼn eenvoudige mens.
Sharon was deel van alles wat daar plaasgevind het.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.4.3 Ek sou Sharon vooraf ingelig het oor wat sy te wagte kon wees.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*) (1)

2.4.4 Hulle het haar met ʼn helikopter gaan haal. (1)

2.5 2.5.1 Hanna was verbeeldingryk/dromer.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.5.2 Fabienne het 'n perfekte lewe gehad terwyl Hanna s'n gekompliseerd was./ Fabienne het die perfekte voorkoms gekom terwyl Hanna s'n anders was.
(*Of soortgelyk) (ALBEI KANTE VAN DIE VERSKIL MOET VIR EEN PUNT GENOEM WORD*) (1)

2.6 2.6.1 Yann en Sharon (1)

2.6.2 Sharon het Yann se geselskap begin geniet./ Sharon en Yann het mekaar se geselskap opgesoek.
Hanna het opgemerk dat Sharon in haar slaap glimlag en geweet Sharon se gedagtes is by Yann.
(*Of soortgelyk*) (2)

2.6.3 Hanna het nog geen werklike liefdeservaring gehad nie.
Hanna het 'n swak selfbeeld gehad.
Hanna se gekompliseerde gesinslewe het ook tot haar siening van liefde bygedra.
Hanna is nog net een of twee keer gesoen omdat die seuns met wie sy graag wou dans, haar nie gevra het nie.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.6.4 Ja, ervaring is die beste leermeester.

**OF**

Nee, 'n mens se verbeelding het groot krag.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.6.5 Haar eie lewensverhaal/ 'n lewensverhaal
(*Of soortgelyk*) (1)

2.7 Margot het hulle ter wille van haar eie loopbaan afgeskeep.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.8 Gavin was nie deel van haar lewe nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

2.9 2.9.1 Tibo (1)

2.9.2 pen (1)

2.9.3 Beyers (1)

2.9.4 Margot (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.10 | 2.10.1 | D / in haar fantasiewêreld | (1) |
| | 2.10.2 | A / in die verwaarloosde huis | (1) |
| | 2.10.3 | C / in die Martelkamer | (1) |
| | 2.10.4 | B / die skool | (1) |
| | | | **[35]** |

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 Kinnie (Kuiper) (1)

3.1.2 Janka se ma het by haar geboorte gesterf.
Elsabet se baba het net na haar geboorte gesterf.
Jannerik, Jacob en Ryna het Elsabet se baba en Janka omgeruil (sodat Elsabet geglo het Janka is sy en Jacob se baba).
(*Of soortgelyk*) (3)

3.1.3 frustrasie
(*Of soortgelyk*) (1)

3.1.4 Attie was verlief op Ryna.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.2 3.2.1 Ryna wou totaal van haar verlede wegbreek/vergeet.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.2.2 Ja, haar vorige naam sou haar elke keer aan haar verlede herinner het.

**OF**

Nee, ŉ naamsverandering kan nie jou verlede uit jou geheue uitwis nie. (*Of soortgelyk*) (1)

3.3 Sy was verlief op ŉ ander man.
Meeuland was vir haar soos ŉ tronk, (maar Jacob het anders gevoel). (2)

3.4 Jacob was nie ŉ gelukkige mens nie. (1)

3.5 3.5.1 geantwoord (1)

3.5.2 Jacob het geweet dat hy ook ŉ aandeel in Elsabet se ongelukkigheid het.
Jacob is kwaad / ŉ ongelukkige mens.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

3.5.3 Ek sou my hart teenoor iemand uitgepraat het./Ek sou my uitkyk verander het.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*) (1)

3.6 3.6.1 Elsabet wou wegkom van Meeuland terwyl Ryna op Meeuland wou wees.
(*ALBEI KANTE VAN DIE VERSKIL MOET GENOEM WORD VIR EEN PUNT*) (1)

3.6.2 Elsabet het uitgevind dat Fred ook maar ŉ vrouejagter was./ Elsabet was toe nie gelukkig met Fred nie.
Elsabet het te laat besef dat sy nog lief is vir Jacob.
Elsabet het verdrink op pad terug na Meeuland om weer by Jacob te wees.
(*Enige TWEE feite of soortgelyk*) (2)

3.6.3 Elsabet was heeltemal verward.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.7 3.7.1 plat (1)

3.7.2 profeties (1)

3.7.3 Ryna en Jacob het saam in Salamanderbaai gaan woon.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.7.4 In Salamanderbaai. (1)

3.7.5 Ousanna het aan Ryna genoem wat die werklike oorsaak van Kinnie se dood was.
Ryna het uitgevind dat Fred Janka se werklike pa was.
(*Of soortgelyk*) (2)

3.8 Dis die ongelukkige gebeure wat sy nog moes deurmaak.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.9 Skalla en haar man was saam by bedrog betrokke.
Skalla was die oorsaak van haar man en seun se dood.
(*Of soortgelyk*) (2)

3.10 3.10.1 Jannerik (1)

3.10.2 geheim / stil (1)

3.10.3 Elsabet (1)

3.10.4 ma (1)

3.11 3.11.1 A / Meeuland (1)

3.11.2 C / Salamanderbaai (1)

3.11.3 D / Ousanna se huis (1)

3.11.4 B / die skool (1)
**[35]**

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt*

4.1 4.1.1 Harde klassieke musiek (1)

4.1.2 Lien se ma se stilswye was baie veelseggend.
Lien het die alkohol by haar ma geruik.
Dit was te vroeg vir haar ma om by die huis te wees.
Die harde musiek.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

4.2 4.2.1 Lien se ma het haar salaris op drank gemors/nie kos gekoop nie.
Haar ma was baie afwesig van die werk.
(*Of soortgelyk*) (2)

4.2.2 Lien het by ŉ koffiewinkel gaan werk.
Lien het by ŉ haarsalon gaan werk.
Lien het op straat gaan bedel.
(*Of soortgelyk*) (3)

4.2.3 Braam het homself van die werklikheid afgesny terwyl Lien iets omtrent die probleem gedoen het.
(*Of soortgelyk*) (*ALBEI KANTE VAN DIE VERSKIL MOET GENOEM WORD VIR EEN PUNT*) (1)

4.2.4 Ek sou ook probeer het om die pot aan die kook te hou.
Ek sou hulp vir my ma gaan soek het.
Ek sou Braam aangemoedig het om te help.
(*Aanvaar enige logiese antwoord of soortgelyk*) (1)

4.3 Lien se ma het haar werk verloor./ Lien se ma was in ŉ inrigting. (1)

4.4 4.4.1 Christien het nie haar verantwoordelikhede nagekom nie. (kan ook omskryf word)
Christien het onder druk geknak.
Christien was altyd dronk.
Christien was ŉ afwesige ma.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

4.4.2 Lien se ma was nie die aanvanklike oorsaak van die probleme van die gesin nie.
Lien se ma kon miskien nie byhou met net een salaris nie.
Lien se ma was miskien nie emosioneel sterk genoeg nie.
Alkoholisme is ook ŉ siekte.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

4.4.3 Lien se ma was nie meer aantreklik nie/gebruik nie meer grimering nie.
Lien se ma was oud.
Lien se ma was verwaarloos.
Lien se ma het slorderige, vormlose klere gedra.
Lien se ma se digte,swart hare was ongekam.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

4.5 4.5.1 prokureur (1)

4.5.2 Lien was alreeds op skool aan toneelspel blootgestel.
Lien se lewe as bedelaar het haar gewoond gemaak aan toneelspel.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

4.6 4.6.1 Teleurstelling (1)

4.6.2 Sy het aan die goeie tye teruggedink.
Sy is weggejaag,toe sy aan die deur klop.
(*Of soortgelyk*) (2)

4.7 Rykdom/weelde
(*Of soortgelyk*) (1)

4.8 Dit wek meer simpatie by die motoriste.
Hoe skuldiger die motoriste voel, hoe groter hulle bydraes.
(*Of soortgelyk*) (2)

4.9 Ja, elke sent het ŉ verskil gemaak.

**OF**

Nee, die geld is te min vir al haar opofferinge.
(*Of soortgelyk*) (1)

4.10 4.10.1 Een van haar klasmaats, Hein, het haar eendag in die reën herken en opgelaai.
(*Of soortgelyk*) (1)

4.10.2 Gelukkig het sy nie haar bedelaarsklere aangehad nie. (1)

4.11 4.11.1 bedelaars (1)

4.11.2 stootwaentjie / karretjie (1)

4.11.3 makliker (1)

4.11.4 hoop / lus (1)

4.12 4.12.1 A / die tronk (1)

4.12.2 D / die robot (1)

4.12.3 B / die haarsalon (1)

4.12.4 E / die skool (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 Poppie se skoonouers/ Stone se ouers (1)

5.1.2 Poppie wou die meisies na Stone se ouers neem.
Poppie wou haar huis in Mdantsane gaan verhuur.
Poppie wou reël dat Bonsile by die huismense bly.
Poppie wou haar kleinkind sien en onderhoud betaal.
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

5.1.3 Poppie was baie besorgd oor haar kinders.
Poppie was besorgd oor haar kleinkind.
Poppie gee onderhoudgeld aan haar kleinkind se ma (aangesien Bonsile nie werk nie).
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

5.2 bejammering / simpatie
(*Of soortgelyk*) (1)

5.3 die paswette/ die soeke na werk
die ontwrigting
Stone se siekte
Stone se sterfte
Bonsile se probleme
(*Enige TWEE of soortgelyk wat omskryf word*) (2)

5.4 5.4.1 van die hand gewys (1)

5.4.2 Poppie het gesê sy het te veel verantwoordelikhede/
Poppie het gesê dat sy dan net tot die Vrydag sou werk.
(*Of soortgelyk*) (1)

5.4.3 Ek sou ook vir meer geld gevra het.

**OF**

Ek sou tevrede gewees het, want dit was beter as niks nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

5.4.4 Poppie was ŉ netjiese werker.
Poppie het haar eie inisiatief geneem.
Poppie se voorganger se bene wou nie gesond word nie.
Poppie kon goed kook.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

5.4.5 Ja, Mrs Swanepoel kon vir haar ŉ pas laat reël.

**OF**

Nee, Poppie sou maar net onwettig gewerk het.
(*Of soortgelyk*) (1)

5.5 Poppie het netjies gewerk.
Poppie het goed gekook.
Mrs Swanepoel hoef nie agter Poppie te gestaan het nie.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

5.6 Die grootmense het niks omtrent die onregverdighede gedoen nie.
Die jongmense blameer die ouers vir almal se swaarkry.
(*Of soortgelyk*) (2)

5.7 5.7.1 Dit witmense het hulle sleg behandel.
(Of soortgelyk) (1)

5.7.2 plat (1)

5.8 Mosie is versigtig.
Mosie voel moontlik dat Mr Green ook daaraan skuldig is.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

5.9 Dit was die tyd toe jongmense net alles gelate aanvaar het. (1)

5.10 Hulle wou die kinders oor Jakkie ondervra.
(*Of soortgelyk*) (1)

5.11 moord
sabotasie
(*Of soortgelyk*) (2)

5.12 5.12.1 neweteks (1)

5.12.2 Poppie het seker gemaak dat haar kinders nie by die protesaksies betrokke raak nie.
Poppie was bang oor die wrede optrede van die polisie.
(*Of soortgelyk*) (1)

5.13 5.13.1 Pengi (1)

5.13.2 Hannie (1)

5.13.3 hoenderhok (1)

5.13.4 Plank (1)

5.14 5.14.1 E / Upington (1)

5.14.2 A / Lambertsbaai (1)

5.14.3 C / Mdantsane (1)

5.14.4 D / Jakkalsvlei (1)

**[35]**

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

6.1 6.1.1 Katrien gebruik ŉ koolstoof/“koolstoof.”
Katrien steek die vuur aan.
die “kersvlam”
(*Enige EEN of soortgelyke omskrywings*) (1)

6.1.2 Katrien maak vir Willem toe.
Katrien staan eerste op om vir haar gesin te sorg.
Katrien begin die vuur vir die koffie.
Katrien bedien almal met koffie.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

6.1.3 Hulle slaap nie saam op dieselfde bed nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

6.2 6.2.1 frustrasie
beskuldiging
(*Of soortgelyk*) (2)

6.2.2 Hendrik lyk nou rustig maar later wil hy alles reg raas.
(*Of soortgelyk*) (*ALBEI KANTE VAN DIE VERSKIL MOET GENOEM WORD VIR EEN PUNT*) (1)

6.2.3 Hendrik het gevoel dat hy sy beste vir sy gesin gee.
Hendrik het gevoel dat dit aanvaarbaar is om alles reg te raas.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.3 6.3.1 Hulle het nog nooit ŉ leeu daar hoor brul nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

6.3.2 Die koms van die sirkustrein het die McDonalds se lewens heeltemal verander.
Manuel se paljas het die kommunikasieprobleem in die McDonalds verbeter.
Manuel se paljas het Willem weer laat praat.
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

6.4 Niemand het hom as stasiemeester vooraf daaroor ingelig nie.
Dit het ingemeng by die normale gang van sy gesin se lewens.
(Of soortgelyk) (2)

6.5 vryheid (1)

6.6 6.6.1 Frans (1)

6.6.2 Katrien het haar werk dadelik gestop.
Katrien het dadelik na haar voorkoms omgesien./ haar knieë skoongevee / haar voorskoot afgehaal / haar hare reggedruk.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

6.7 6.7.1 Hulle het ŉ goeie verhouding gehad./Hulle was bevriend.
(*Of soortgelyk*) (1)

6.7.2 Willem het sy fiets vir Manuel geleen.
Willem het vir Manuel kos aangedra.
Willem het vir Manuel geselskap gehou terwyl hy herstel het.
Manuel was Willem se enigste vertroueling.
Manuel het Willem weer laat praat.
Hulle het saam gespeel/toertjies gedoen.
(*Enige TWEE feite of soortgelyk*) (2)

6.8 6.8.1 Sy sirkusklere/narklere
(*Of soortgelyk*) (1)

6.8.2 Ja, almal behoort welkom te wees in enige kerk.

**OF**

Nee, hulle het die gerugte oor die toordery geglo en kon dit nie toelaat nie.
(*Aanvaar enige logiese motivering.*) (1)

6.9 6.9.1 Hy gee om vir Hendrik.
(*Of soortgelyk*) (1)

6.9.2 ŉ Mens help as iemand in gevaar is.
(*Aanvaar enige logiese antwoord.*) (1)

6.10 Die dorpsmense moes nie weet dat hulle eintlik die wet in eie hande neem nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

6.11 neweteks (1)

6.12 6.12.1 olifant (1)

6.12.2 naam (1)

6.12.3 hoenderhaan (1)

6.12.4 Manuel (1)

6.13 6.13.1 C / Willem (1)

6.13.2 E / Emma (1)

6.13.3 A / Oudokter (1)

6.13.4 B / Manuel (1)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – Dalene Matthee***

7.1 Elias is baie lui.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.2 Die magistraat het beslis dat Benjamin aan die Van Rooyens toegeken moes word./ Benjamin doen baie van die werk.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.3 7.3.1 Elias het haar laat glo dat hy hard werk.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.3.2 Lange het haar voorgesê watter kind Lukas was./ Lange het haar voorgesê watter kind om te kies.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.4 7.4.1 Die karakter kom/verskyn op die verhoog.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.4.2 plat (1)

7.5 7.5.1 Nie hy of sy liggaam is gekry nie.
(*Of soortgelyk*). (1)

7.5.2 Paniekerig/senuweeagtig/verward/onseker
(*Of soortgelyk*) (1)

7.6 Die magistraat het sy beslissing op die feite/getuienisse voor hom gebaseer. (1)

7.7 Elias glo Lukas is nie weg nie.
Elias sê almal moet weer gaan soek.
Elias sê almal moet oral gaan soek.
Elias herhaal dat almal weer moet gaan soek.
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

7.8 Elias het haar vir ŉ week lank soos ŉ man laat skoffel.
Elias het haar hare met ŉ mes gesny.
(*Of soortgelyk*) (2)

7.9 Hy wou by Benjamin weet wie hy(Elias) was.
Hy wou by Benjamin weet wie sy ma was.
Hy wou by Benjamin weet wie sy broers was.
Hy wou by Benjamin weet wie sy susters was.
Hy wou by Benjamin weet wat sy naam was.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.10 7.10.1 Benjamin het heeltemal ontworteld gevoel./nie die plek geken nie.
Benjamin was totaal verward oor sy identiteit.
(*Of soortgelyk*) (2)

7.10.2 Nina het die Bos geken.
Benjamin kon vir Nina vertrou./ Hulle het ’n goeie verhouding gehad.
(*Of soortgelyk*) (2)

7.10.3 Ja, Lukas het by die mense behoort vir wie hy lief was.

**OF**

Nee,as kind moes sy nie teen haar pa se wense gegaan het nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.10.4 Ek sou uit jammerte dieselfde gedoen het.

**OF**

Ek sou my pa se wense gerespekteer het.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*) (1)

7.11 7.11.1 bekommernis (1)

7.11.2 Lukas het op Nina verlief geraak.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.11.3 Bartha het erken dat sy oor Lukas/Benjamin se identiteit gelieg het.
Benjamin is nie Nina se broer nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.12 Selfs toe Lukas groot was en self kon besluit, het hy daarmee volgehou dat hy, Fiela wat ’n Kleurlingvrou was, se kind was.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.13 Fiela wou weet waarom Benjamin dan nog nie teruggekeer het nie.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.14 “baas” (1)

7.15 7.15.1 sensusmanne (1)

7.15.2 Lukas (1)

7.15.3 Nina (1)

7.15.4 Lange Kloof / Fiela / Fiela se plaas (1)

7.16 7.16.1 C / Die Bos (1)

7.16.2 A / Die hof (1)

7.16.3 B / Lange Kloof (1)

7.16.4 E / Mrs Weatherbury se huis (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## *SPIEËLBEELDE*

## VRAAG 8

8.1 ***OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE* – Felicia Goosen**

8.1.1 "bobbejaannes" (1)

8.1.2 (a) nie beplan nie (1)

(b) Dawid het slegs uit frustrasie op die bobbejaanwyfie geskiet.
(*Of soortgelyk*) (1)

(c) Oom Thys het geen genade vir die bobbejaantjie gehad nie terwyl oom Dries die bobbejaantjie jammer gekry het.
(*Of soortgelyk*) (*ALBEI KANTE VAN DIE VERSKIL MOET GENOEM WORD VIR EEN PUNT*) (1)

8.1.3 (a) Die bobbejaantjie was nog klein/ʼn baba.
Die bobbejaantjie se nou swart ogies.
Die bobbejaantjie se deurskynende ore.
Die bobbejaantjie se senuweeagtige klou om te lewe.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

(b) Oom Dries het sy lêplek naby die stoof ingerig./ʼn Kartondoos is vir hom neergesit.
Oom Dries het hom gevoer./maak sy melk warm.
Oom Dries het met hom gespeel./Oom Dries maak vir hom ʼn swaai (uit ʼn ou Ford-buiteband).
(*Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

(c) Jantjie het die ryp koejawels/dadelpruime/hoendereiers vernietig/verwoes.
Jantjie het ʼn hele klomp plaaskatte doodgebyt.
Jantjie het ʼn plaaswerker se kind gebyt.
Jantjie het vir Sofie met die kosbak gegooi.
Jantjie het die plaaswerkers met klippe en vrot vrugte gegooi.
Jantjie het die ondergrondse waterpyp beskadig.
Jantjie het oom Dries aan die hand gebyt (en sy twee vingers verskeur).
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

8.1.4 (a) Hy het Jantjie gereeld by die gruisgat sien sit as hy daar verbygery het.
(*Of soortgelyk*) (1)

(b) Ja, Jantjie se gedrag was lewensgevaarlik.

**OF**

Nee,Jantjie se gedrag het by die aard van ʼn bobbejaan gepas.
(*Aanvaar enige logiese antwoord of soortgelyk*) (1)

(c) Dit was nadat hulle Jantjie se oorblyfsels begrawe het. (1)

8.1.5 (a) ma (1)

(b) baadjie (1)

(c) vrees (1)

(d) kind (1)

**EN**

8.2 **ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN – Margaret Bakkes**

8.2.1 Die hoofkarakter was ŉ opgeleide staptoerveldwagter.
Die ervaring wat hy in die Caprivi opgedoen het, het hom hiermee gehelp.
(*Of soortgelyk*) (2)

8.2.2 ŉ Mens moet die rustigheid en die geluide van die natuur waardeer.
(*Of soortgelyk*) (1)

8.2.3 (a) Sy studentejare was mooi.
Sy studies was opwindend.
Hy het goeie vriende ontmoet.
Hy het vir Nina ontmoet.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

(b) Luister na jou ouers se raad.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*) (1)

8.2.4 (a) Fisiese pyn hou ŉ mens wakker.
Emosionele pyn hou ŉ mens wakker.
(*Of soortgelyk*) (2)

(b) Ek sou professionele hulp gesoek het.
(Aanvaar enige logiese antwoord of soortgelyk) (1)

8.2.5 plat (1)

8.2.6 Ja. Pyn en teleurstellings doen dit aan ŉ mens.

**OF**

Nee, ŉ mens moet jou emosies in alle omstandighede kan beheer./
Nee, sy ma was die één persoon wat hom versorg, ondersteun het
(*Of soortgelyk*) (1)

8.2.7 Die natuur het ŉ genesende effek op ŉ mens. (1)

8.2.8 Dis op die wildsplaas waar die hoofkarakter totale vryheid beleef het.
Dis op die wildsplaas waar die hoofkarakter weer so na aan die natuur was.
Dis op die wildsplaas waar die hoofkarakter weereens besef het dat hy in die natuur hoort.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.2.9 (a) C / die skool (1)

(b) A / die hospitaal (1)

(c) B / Caprivi (1)

(d) D / die natuur (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSKUNS***

**VRAAG 9**

9.1 **DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

9.1.1 (a) Kaaps/Kaapse dialek (1)

(b) "soe"/ "daa"/ "knipoeg"/ (1)

9.1.2 die aandster/ Venus (1)

9.1.3 (a) "van jou"/ "na my"/ "haal dit af"/ "op die omslag" (1)

(b) "soes die helderste ster" (1)

(c) "soe speels"/ "soes die helderste ster"/ "dis die"
(*Of soortgelyk*) (1)

9.1.4 Die spreker stuur 'n liefdesbriefie aan sy geliefde.
Hy stuur dit met die aandster, (Venus) wat simbolies is van die liefde.
Daar is soentjies op die omslag van die briefie.
(*Enige TWEE feite of soortgelyk*) (2)

9.1.5 Ja, die aandster tree soos 'n boodskapper op.
Ja, die aandster knipoog. (1)

9.1.6 die liefde (1)

9.1.7 Dit blyk dat die geliefde ver van die spreker is, maar sy is eintlik net 'n gedagte ver./die sterre is nie naby nie. (1)

9.1.8 Daar is soentjies op die omslag. (1)

9.1.9 Ek sal ook 'n liefdesboodskap stuur.
(*Aanvaar enige logiese antwoord*) (1)

9.1.10 beklemtoning (1)

9.1.11 (a) D / retoriese vraag (1)

(b) C / verkorte vorm (1)

(c) B / vestig die aandag op die daaropvolgende gedagte. (1)

(d) A / 'n verduideliking volg (1)

**EN**

9.2 **BOEKMERK – Melissa Joubert**

9.2.1 Wiskunde
Aardrykskunde
Tale (3)

9.2.2 alleenplasing (1)

9.2.3 (a) in die gang van die skool/in die skool/op die skoolperseel (1)

(b) “klipvloergang” (1)

9.2.4 “stoei” (1)

9.2.5 “mor en protesteer”/ “ook kon mor” (1)

9.2.6 Ja, die vaste roetine van skool maak skoolgaan onaangenaam.

**OF**

Nee, leerders moet dankbaar wees oor die geleentheid.
(*Of soortgelyke motiverings*) (1)

9.2.7 retoriese vrae
herhaling (2)

9.2.8 geen vaste rym
geen hoofletters
leestekens is beperk (slegs aandagstrepe en dubbelpunt)
geen vaste strofebou/versreëls is nie ewelank nie
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

9.2.9 “ver – hier”/“optel – aftrek”
(**LET WEL:** Albei woorde moet genoem word vir EEN punt.) (1)

9.2.10 (a) kla / ongelukkig raak (1)

(b) onderwyser(es)/juffrou (1)

(c) interessant (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou